GEBONDENHEID

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrifgedeeltes word in Blou uitgewys.

TEMA: WAT BRING MENSE IN GEBONDENHEID?

-o0o-

SKRIFVERWYSINGS IN HIERDIE LESING:

Efesiërs 6:12 Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug.

Johannes 10:10 Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê.

Titus 1:2 in die hoop van die ewige lewe wat God, wat nie kan lieg nie, van ewigheid af beloof het,

-o0o-

Mag die Here julle seën en mag die genade van God met julle wees.
Mag Sy voorsiening, Sy hulp, Sy krag, Sy sterkte, Sy blydskap, Sy vrede en alles wat mooi is van die Here oor julle en in julle huise wees.
Mag dit vir julle 'n baie geseënde tydperk wees wat voorlê.

-o0o-

1. SATAN SE "WEERMAG"

Ek kry dikwels 'n hele aantal vrae rondom waarom mense in gebondenheid kom. Dit blyk of daar nie altyd duidelikheid hieroor is nie, daarom wil ek dit graag baie eenvoudig verduidelik.

EFÉSIËRS 6:12 Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug.

In die eerste plek het satan magte wat onder hom funksioneer:

- Sy lugmag: Die gevalle engele waarna daar in Efesiërs verwys word as *die bose geeste in die lug*.
- Sy grondmag: Die demoniese magte wat op die aarde funksioneer.
  - Die demoniese magte is aan sonde gekoppel, terwyl
  - Die gevalle engele aan vervloekte en verwerpte bloed gekoppel is.

2. VERBONDE TEENOOR KONTRAKTE

Die hele Woord van God, God self en alles wat bestaan, werk met verbonde (covenants). Ek en jy werk ook met 'n verbond of 'n ooreenkoms:

- Jy het iets en ek het iets.
- Jy soek wat ek het en ek soek wat jy het.

Die lewe is in wese 'n ruiltransaksie, hetsy dit 'n vriendskap, 'n eenvoudige gesprek of net 'n groet is. Alles in die wêreld lewe in verhoudings en ooreenkomste.

- In die eerste plek is daar 'n ooreenkoms waar mense oor iets saamstem.

-o0o-

- Daarna volg ’n kontrak en
- Dan ontstaan ‘n verbond.

‘n Verbond is ’n baie hoër, dieper ooreenstemming en eenwording as ’n gewone kontrak.
‘n Kontrak kan jy altyd verbreek, maar dan moet jy die gevolge daarvan dra.
‘n Ooreenkoms is baie maklik om te verbreek.

As ek sê ek kom vanaand na jou toe en ek daag net nie op nie, dan het ek die ooreenkoms verbreek en daar is nie regtig skade nie. Die enigste probleem is dat jy my nie meer gaan vertrou nie, omdat ek nie my woord gehou het nie.

’n Kontrak gaan dieper as ‘n ooreenkoms. Ons sluit ’n kontrak waarin ons onderneem om spesifieke verpligtinge na te kom. Indien een party versuim om hierdie pligte na te kom, kan daardie party gedagvaar word weens kontrakbreuk.

’n Verbond is nog dieper. ’n Verbond is wanneer daar bloed betrokke is. Wanneer jy jou bloed gee, is dit ’n teken dat jy getuig van die waarheid en egtheid van die verbond. Sodoende gee jy eintlik jou lewe, want die lewe is in die bloed.

- Jy verseël eintlik daardie verbond met jou lewe.

3. BESKERM JOU GRONDGEBIED

Die verseëling van die verbond kan nie verbreek word nie, tensy jy daardie verbond herroep deur jou bloed terug te neem sodat jy weer lewe kan hê. Kom ek verduidelik dit so vir julle:

- Onthou, ek en jy is net grondgebied, ons het nie self saad nie.
- Satan kom na ons toe met sy saad, maar dit is dooie saad.

Satan het nie die lewe nie, daarom is sy saad dood. Wanneer satan na jou toe kom en sê dat jy lelik is, praat hy altyd in die eerste persoon: ‘Ek is lelik’. Sodoende saai hy die saad op jou grondgebied.

- As jy egter weet wie jy in Christus is,
- God altyd loof en prys vir hoe Hy jou geskape het, (of wat ook al die geval mag wees), en
- Jy verwerp sy (satan) saad,
- Sal daar nooit enige teken van saad wees nie.

Omdat die lewe van Christus in ons is, kom die vyand met sy leuen. Ons aanvaar daardie leuen en glo die dooie saad.

- Ons laat hierdie dooie saad op ons grondgebied toe.
- Die lewe wat in ons is, gee lewe aan daardie saad.

Daarna begin die saad al hoe meer te groei, omdat ons dit nie verwerp of vernietig nie. Dit is waarom ek altyd sê dat die saad vernietig moet word terwyl dit nog saad is. Ons moenie wag totdat dit begin groei nie, want môre-oormôre dra dit vrug. Dan moet ons ongelukkig daarmee saamleef.

‘n Mens is byvoorbeeld oneerlik in jou besigheid. Die Here praat keer op keer met jou, maar jy hou aan. Vroeër of later word jy uitgevang. Hulle verkoop dan alles en jy is bankrot.

- Bankrotskap is die vrug van die saad van oneerlikheid.
    - Oneerlikheid was die saad wat satan vir jou gegee het.
    - Jy het dit aanvaar omdat jy vinniger ryk wou word.

Jy het begin sondig en uiteindelik is die vrug daarvan bankrotskap. Jy sit nou met daardie klad op jou naam en jy gaan dalk tronk toe. Daardie klad sal jy nooit van jou naam kan verwyder nie, want dit is die vrug. Jy sal daardie vrug van die saad nooit kan ongedaan maak nie.

-o0o-

Sonde bring ‘n mens in gebondenheid die oomblik dat jy **JA** sê vir satan. Dit is nie satan wat jou laat sonde doen nie, maar die demoon wat hy in jou plaas. Jy gaan sodoende ‘n mondelinge ooreenkoms met satan aan en sluit ’n kontrak met hom.

- Hy bied aan jou die dooie saad en jy aanvaar dit op jou grondgebied.
- Jy gee lewe aan daardie saad en jou geloof in satan laat dit nou groei.

Dit is so jammer dat so baie mense meer geloof in satan het as wat hulle in God het. Dit is bitter jammer en hulle besef dit nie altyd nie. Hulle doen verkeerd omdat hulle glo dat die Here nie in staat is om hulle te help nie. Dan kom satan na hulle toe met sy saad en hulle aanvaar dit. Hierdie saad groei en spoedig sit hulle met die vrug en die gevolge.

- Dit bring gebondenheid.
- Dit bring demoniese magte wat ‘n houvas op hulle het en
- Hul lewens word uiteindelik verwoes.

JOHANNES 10:10 Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê.

So begin die verwoestingsproses. Onthou, God sê in sy Woord dat die satan gekom het *om te steel en te slag en te verwoes.*

- Die vyand roof ’n gedeelte van jou grondgebied.
- Hy saai sy saad en die vrug daarvan verwoes jou lewe.

Jy word sieker, of allerhande dinge pak saam in jou lewe, sodat jy in gebondenheid eindig. Dit is egter nie sy einddoel nie.

4. PASOP ... SATAN SE GEVALLE ENGEL BEHEER JOU LEWE !

- Onthou, in beheer van daardie demoniese magte sal altyd ’n gevalle engel wees.
- Daardie gevalle engel wil ook kos hê, maar sy kos is vervloekte bloed.

Wat uiteindelik gaan gebeur, is dat hierdie ding so groot word, dat ’n mens ’n verbond begin aangaan met ’n gevalle engel of met satan homself.

- ‘n Verbond kan net ’n verbond wees as jy dit verseël met bloed.

Omdat ons sondig was, kon ons niks aan die Vader bied nie. (*Ek het ’n hele lering daaroor – verwys Vrede by God; Nagmaal en andere*). Daarom moes Christus Sy rein en heilige bloed offer sodat ons gered kon word. Dit beteken ons moet ons harte en lewens aan Jesus oorgee:

- Jy moet vir Hom sterf, jou kruis opneem en jouself verloën.
- Jy moet eintlik geestelik sterf aan jouself.
- Jy lê jou eie lewe neer en neem Sy lewe aan, sodat Hy in jou kan lewe.

Aan die ander kant werk dit presies so met satan, maar net omgekeerd. Nadat satan jou lewe stelselmatig verwoes het, kom hy uiteindelik na jou toe en eis jou bloed. Hy kan dit nie neem voordat hy ‘n bloedverbond met jou aangegaan het nie. Satan nader jou dus met ‘n verbond, ongeag die tipe.

Onthou, satan het nie bloed nie, maar die mens het bloed.

- Die verbond moet met bloed verseël word.
- Omdat satan nie bloed het nie, moet die mens die bloed voorsien.
    - Hy gaan die verbond met jou aan.
    - Jy verseël hierdie verbond met bloed deur dinge soos tatoeëermerke, insnydings in jou vel, liggaamdeurborings (body piercings) of enige ander vorm van bloedoffers.

-o0o-

Sodoende gee jy jou bloed aan satan om te bevestig dat daardie bloedverbond geldig is. Nou tree 'n gevalle engel (principality) in op die terrein wat 'n bloedverbond met jou sluit.

5. BEVRYDING

- Daardie bloedverbond kan net gebreek word as jy dit omkeer en verwerp.
- Jy neem Christus as jou Verlosser aan, vra Hom om vergifnis en
- Jy neem jou bloed terug.

Ons het die reg daartoe, omdat daardie lewe nog altyd aan ons gegee is. Dit het nog nooit aan satan behoort nie. Ons het hierdie dinge weens onkunde of menslike swakheid toegelaat. Daarom het ons die reg om dit terug te neem, maar net in Christus Jesus.

- Ons kan dit op geen ander manier doen as in Christus Jesus nie.
- Dit kan nie deur menslike metodes, kerklike tradisies of enigiets anders gedoen word nie.
- Dit is alleenlik moontlik in Christus Jesus en in Sy naam.

Sodra satan jou bloed het, besit hy eintlik jou hele bloedlyn. Dit gee hom die vermoë om enigiemand in daardie bloedlyn dood te maak, te benadeel, of enige bloedverwante probleem te veroorsaak. So dit is die verskil:

- Die demone lei jou om te sondig.
- Uit die saad van die sonde kom daar 'n vrug.

Baie mense nader my met probleme, maar daardie probleme is bloot die vrug. Ek het juis hierdie week te doen gehad met 'n vrou wie se sestienjarige seun die sieklikste kind is wat 'n mens kan kry. Hy is bedlêend en kan niks self doen nie. Die oorsaak is dat die moeder voorheen 'n satanis was. Sy het hom op driejarige ouderdom aan satan geoffer. Sy is oortrek met tatoeërmerke. Sy is vandag 'n kind van die Here, maar sy het nog nooit bevryding gekry nie. As gevolg hiervan is agt van haar naaste familielede, haar man inkluis, die afgelope vyf maande oorlede. So is satan besig om almal uit te wis as gevolg van hierdie bloedverbonde (blood covenants) wat sy aangegaan het. Toe ek vir haar sê dat dit bloedverbonde is, het sy gesê sy weet wat dit is. Ek het haar aangebied dat ons haar sal help. Sy het nog nie na my toe teruggekom nie, so dit is in haar hande.

Dit is waarom elke mens deur bevryding moet gaan. As jy nie deur bevryding gaan nie kan jy nie die Here ten volle dien nie, want jy sal altyd daardie struikelblokke in jou lewe hê. Vra maar vir my. Ek het drie-en-twintig jaar gesukkel met hierdie goed totdat die Here vir my hierdie dinge begin leer het en self bevryding op my gedoen het.

6. STELLING OOR SATAN SE RAAD

Ek wil graag die stelling verduidelik dat satan nie lewe het nie en dat sy saad dood is. Die beste manier om te verduidelik, is soos volg:

- God alleen het lewe.
- Satan het nie lewe nie.

JOHANNES 14:6 Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.

- God alleen is die Waarheid.
- Christus sê: *Ek is die weg en die waarheid en die lewe.*

Satan is alles wat die teenoorgestelde daarvan is. Satan kom na jou toe met sy saad, naamlik leuens. Onthou, God kan nie sondig nie. Dit is heeltemal buite God se natuur om te kan lieg.

-o0o-

TITUS 1:2 in die hoop van die ewige lewe wat God, wat nie kan lieg nie, van ewigheid af beloof het,

- Die Bybel sê dat God *nie kan lieg nie*.
- God is die waarheid.
    - Die waarheid is die waarheid.

As jy 'n teelepel sout neem en beweer daar is een korreltjie suiker tussenin, is dit nie meer suiwer sout nie. Sout is sout. Sodra daar een korreltjie suiker in is, is dit nie meer suiwer sout nie. Lig is lig. Daar kan geen duisternis in lig wees nie. Dit is onmoontlik. Dit kan nie wees nie.

JOHANNES 10:10 Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê.

- God is die waarheid en satan is leuens.

Al wat die satan dus het om te saai, is lewelose saad wat uit leuens bestaan. Hy kom byvoorbeeld na jou toe en sê dat jy dit nie tot die einde van die maand sal uitkom nie, dat jy nie jou tiende moet gee nie, of dat jy nie na raad moet luister nie.

As ons hom glo, aanvaar ons daardie dooie saad en neem daardie leuen aan. Die oomblik wanneer ons daardie leuen aanneem en die saad aanvaar, moet daardie saad vrug voortbring.

- Alle saad moet vrug voortbring, want dit is 'n natuurlike wet.

Op grond van ons aanvaarding van sy saad, kan satan nou na die hemelse hof gaan en ons daar aankla. Hy kan dit opeis waaroor hy vir ons gelieg het en wat hy van ons gesteel het.

- Daarom haat God ongeloof, omdat ons nie in Hom glo nie, maar eerder in satan glo.

Glo moet ons glo. Aan watter kant glo jy?

Omdat ons satan se saad aanvaar het, eis hy nou daardie gebied op wat ons aan hom toegestaan het. Op daardie grondgebied kan hy die lewe wat in jou is gebruik om daardie saad te laat ontkiem.

- Dit was immers jou eie keuse, want
- Jy het hom geglo.

Omdat God 'n regverdige God is, moet Hy toelaat dat dit gebeur, aangesien dit jou keuse was om satan te glo. Nou begin daardie boom te groei en binnekort is daar vrug.

- Jy moet nou saamleef met die vrug.



Ek het vroeër die voorbeeld van bankrotskap gebruik, waar dit die vrug is van die saad van oneerlikheid. Die maklikste manier om dit te verduidelik, is wanneer 'n jong meisie en jong man saam in die bed spring. Die Here praat en waarsku dat jy jou liggaam rein moet hou. Kort daarna is daar egter 'n swangerskap en 'n kind. Jy kan nie die kind weg bid nie, want die daad het 'n vrug gedra. Nou moet jy vir die res van jou lewe saam met daardie kind, wat buite die huwelik verwek is, leef.

Ek vertrou dat julle dit nou beter verstaan.
Wees waaksaam en bid dat julle nie in versoeking kom nie.
Mag die Here julle seën en mag dit met julle goed gaan.

-o0o-

Johannes 8:44 Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan.

-o0o-